

MAMBA TPL-meter

Apparaat om die maksimum TPL (Totale patroon Lengte) in u wapen se kamer te meet



- Die maksimum TPL word gemeet wanneer die ogief van die koeël net-net aan die loopgroewe of lande raak. "Just kissing the lands" in Engels;
- TPL kan vanaf die dop se kop tot by die koeël se punt of, met "comparator" toerusting, tot op die koeël se ogief gemeet word;
- TPL beheer die sprong / "jump" na die groewe en bepaal of u patroon korrek in die wapen se kamer en magasyn pas en funksioneer;
- TPL beheer die oorblywende kamer volume binne die dop. TPL beïnvloed dus die werkverrigting/druk in die patroon tydens ontbranding van die dryfmiddel, wat 'n effek het op die snelheid en daarom impakpunt van die koeël.



Bepaal van TPL vir herlaai:

- Meet die maksimum TPL vir u wapen en komponente akkuraat met die **MAMBA** TPL-meter;
- Druk die koeël in die dop nek in soveel as die deursnee/dikte van die koeël (bv. 6mm vir .243, ens.) die "boat tail" word hiervoor buite rekening gelaat. Die "boat tail" druk dus dieper in die dop in. Indien die dop nek korter is as koeël deursnee, word die koeël die lengte van die nek in die dop ingedruk;
- Indien nodig, maak die TPL korter tot die patroon in u magasyn kas pas + effens korter sodat die koeël se punt nie in die magasyn kas vasdruk en beskadig nie;
- Indien nodig, maak die TPL nog korter tot die sprong na die lande minstens 1.0mm is;
- Hiermee is u klaar met TPL en "jump" & bepaal u die "sweet spot" lading vir hierdie komponente en wapen.

Sal die ondersteuning aan die koeël, asook die eweredigheid van nek spanning/vasklem van die koeël nie meer uniform tussen patrone wees, indien ons die hele beskikbare lengte van die nek gebruik nie?

Vergelyk hierdie meting met die stok-metode en BEVESTIG dat u die dop diep genoeg in die kamer geplaas het.

